NHKA | blitspos
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Jaargang 16 – Uitgawe 21 | 29 Junie 2023

# Lééf die liefde! Skyn die lig!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**NHSV Kongres 2023. Ses jaar lank is daar gewag vir hierdie byeenkoms. Covid het 2020 s'n gesteel. Die een waar die Sustersvereniging van die Nederduitsch Hervormde Kerk 80 jaar oud sou wees. Maar op 83 sien dié oude dame nog kans vir dans!**

Fyn beplanning, harde werk – lánk vooraf en tot op die laaste minuut is alles gereed gemaak vir 'n vonkel 49ste Nasionale NHSV Kongres: 'n uithalergeleentheid! Vanjaar was dit by Batter Boys Onthaalsentrum en Gastehuis op Christiaan-landbouhoewes, Montana in die noordooste van Pretoria. Van die aankoms Vrydag-laatmiddag by Gemeente Montana vir die registrasie en opening, tot Sondagmiddag se afskeidsgroet, was 'n groot *Sjoe!*

Ek het as dominee altyd by my vrou, Janeke, gehoor van die besonderse NHSV kongresse; hierdie een sou mý eerste wees – as een van die min manne – as uitstaller van die SP Engelbrecht-museum. Om met die Kongresgangers te gesels oor ons Kerkmuseum, moes ek daar bly. En kom ek toe gou agter ek wíl! 'n Besielende, verstaanbare openingspreek deur NHSV erepresident prof Wim Dreyer. Op-die-minuut-skedule. Kort en kragtige toesprake. Bondige verslae. Hoopvolle beskrywingspunte. Daadwerklike beraamde planne. Kwaliteit-items: *OhYesLet's* (sangers van Ermelo), mev Lucia Prinsloo (eenvroustuk 33 nC – 2040 nC), Sonja Herholdt (sangeres) en Lynette Beer (volkleur motiveringspreker). Selfs 'n opwindende "Koos"/Quiz.

Deur alles – Kongresboek, openingsaand, dekor, sprekers en mededelings – vind jy duidelik die goue weefdraad van 2023: Laat jou lig skyn, lééf die liefde (God se lig en God se liefde) sodat God verheerlik kan word. Doen jou plig! Waarom? Om God te verheerlik!

Die 160+ Kongresgangers het diep onder die besef gekom van die nood op soveel terreine van ons bestaan. Maar aangevuur, gaan ons terug huis toe, kerk toe, dorp toe … om te gaan skyn en te gaan liefhê. Waar maak ons Hervormers 'n verskil? Hierdie agendapunte kan ons almal se gedagtes weer losmaak met idees oor waar en hoe ons kan help. Van wieg tot loopraam. Ons kinders en jeug in én buite ons eie gemeentes, in ons skole, in buitengewone skole, in ons pleegsorghuise en met studielenigs aan studente. Fisiese nood saam met Rata Maatskaplike Dienste (voorheen Die Ondersteuningsraad), geestelike nood, leiding aan gesinne, ouerbetrokkenheid – alles saam met die Algemene Diakensvergadering.

Ondersteuning in ons gemeentes – sterk, gelowige vroue met wysheid, wat voorloop, wat bemoedig, wat vuisvoos lidmate en kerkrade inspireer. Ondersteuning in ons wye gemeenskap in 'n land wat weer opgebou moet word. Omgee vir ons Ons Tuis-bejaardehuise, asook ander plaaslike ouetehuise. Ondersteuning aan predikantsvroue en predikanteweduwees. Ons het gehoor van die Eendrachtkring van die "morsafgetrede" dominees en hul vrouens. Die lees en verspreiding van ons Kerk se publikasies – webblaaie, *Die Christelike Vrou*, *Vroueflitse*, *Die Hervormer* en *Blitspos*. Die verspreiding en lees van ons 90-jaar-oue Afrikaanse Bybel! Ook die Kerkmuseum het almal uitgenooi vir 'n besoek. Maar met dié kuier moet die susters hul eie eetgoed saambring…

Susters, ek kan hierdie Algemene Kerkvergadering in die kleine aanbeveel. Kom in 2026 en word ingelig en geïnspireer. Hier gaan jy boonop lekker eet en hier's geen kaal koppie tee nie! Broers, luister as die vrouens julle roep om betrokke te raak by die Kerk se werk. Vertel hiervan vir jul kinders en vir ons jongmense. Laat hulle hier lees. Laat hulle en ons weer trotse Hervormers wees – al is ons min. Laat die NHSV tog herleef in jul gemeentes.

Voorloper mev Mari-lizé Beukes en jou wenspan, seënwense vir die wedloop en die moue-oprol tot 2026 én tot 2040. Rozelda Nel in die enjinkamer van die NHSV, welgedaan!

*Kom, Susters, slaan die hande steeds vaster in mekaar* en wees 'n seën!

**Ds Carel Johann de Bruin (Emeritus)**
**Erekurator van die SP Engelbrecht-museum**

# Lief en leed




Ds Sakkie Meyer

- Emerituspredikant **ds LJ (Lukas/Sakkie) Meyer** (83) is Woensdagoggend 21 Junie om 06:00 stil na 'n siekbed van 'n paar maande in Peglarae-hospitaal in Rustenburg oorlede. Hy was ongeveer drie weke lank in die hospitaal. Met sy vrou, Corrie, se gesondheid gaan dit ook nie goed nie. Hulle is lidmate van Gemeente Rustenburg Jac van Belkum. Die herinneringsdiens vind Saterdag 1 Julie om 10:30 plaas by Gemeente Rustenburg Jac van Belkum, en die nisplasing reeds om 09:00 by Gemeente Rustenburg-Kloof. (Let daarop dat dit by twee verskillende gemeentes is.) Ons innige simpatie gaan aan mev Meyer en hul familie.

- **Mev Hannetjie Buitendag**, vrou van emerituspredikant ds Paul Buitendag (Volksrust), is Dinsdagoggend 27 Junie oorlede. Hulle was onlangs in die Wildtuin waar sy malaria opgedoen het, wat uiteindelik tot longontsteking en haar dood gelei het. Ons innige simpatie gaan aan ds Paul en hul familie.

- Ds Willie Botha van die Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië (GEKA) en voorheen predikant van die NHKA Lydenburg, se vader is onlangs oorlede. Ds Botha laat weet soos volg: *My pa, **Willem Abraham Botha**, is 1 Junie op 80-jarige leeftyd oorlede. Hy het ongetwyfeld diep spore in sy kinders, familie en vriende se lewe gelaat. Ek sou hom nie as 'n ywerige leser beskou nie, maar 'n baie fyn waarnemer. Hy het oor die vermoë beskik om die werklikheid as 'n teks te benader. My vermoede is dat dit hom baie gehelp het om meer nugter na situasies te kyk, en daarom minder vatbaar vir propaganda te wees. In kort was sy lewensbeskouing baie eenvoudig – dié van 'n herder. Dit was vir my 'n groot voorreg om self my pa te kon begrawe. Die teks vir die prediking was Psalm 23. In sy lewe was hy veral 'n boer – 'n uitstekende boer. Vandaar die tema vir die begrafnispreek: 'n Herder het ook 'n herder nodig... Sy praktiese lewensuitkyk het groot waarde gehad toe hy van 1989 tot 1999 sy land as lid van die Parlement kon dien.* Ons innige meelewing gaan aan ds Willie en hul familie.

- **Mev Clara Horn**, ouma van mev Clarika Hattingh van die Hervormde Teologiese Kollege en die Sinodale Dienssentrum se Ouditafdeling, is Woensdag 21 Junie oorlede. Clarika het ons Maandag 19 Junie soos volg laat weet: *Ouma het Woensdag 31 Mei 2023 'n volle 100 jaar oud geword. Of sy dit weet en besef, weet ons nie. Al wat ons weet, is dat die Here vir haar goed is en ook vir ons, almal wat vir haar so baie lief is. Sy is heeltemal doof en kan glad nie meer regop sit of loop nie. Soms is die geheue helder en herken sy haar besoekers, maar ander dae gaan dit moeilik.* Ons is so jammer om te hoor van dié pragtige mens se afsterwe. Sy was haar lewe lank 'n Hervormer en het nog tot vyf jaar gelede as ouderling gedien in Gemeente Pretoria saam met dr Christo Pretorius. Sy was 'n onderwyseres, 'n skoolhoof, en betrokke by die dienssentrum vir bejaardes waar sy weekliks die "gimklasse" vir die bejaardes in die swart woonbuurt net buite die dorp aangebied het. Sy het ook hard gewerk vir die Vrouelandbou-unie en was onmisbaar by die NHSV van Gemeente Lydenburg saam met verskeie van ons predikante.



Die nuwe egpaar

- **Mev MA (Alta) van Heerden**, weduwee van ds JH (Buks) van Heerden wat in Julie 2021 oorlede is, is onlangs in die huwelik bevestig met prokureur Buys, in Machteld Postmus waar albei woon. Baie geluk!



- **Dr JA (Kobus) en mev Jeanette van Biljon** het op 8 Junie saam met die Kommissie van die AKV middagete geniet om sy 50-jaar-ampsjubileum te vier. **Op die foto** is van links na regs prof Wim Dreyer, dr Wouter van Wyk, mev Jeanette en dr Kobus van Biljon, en dr Sanrie de Beer.



- **Ds Carel Johann de Bruin** laat weet soos volg: *Ons gaan ons Museum-wa (die Bart Oberholzer-familiewa) Saterdag 5 Augustus by die SP Engelbrecht-museum restoureer! Ons gaan geleer word van 'n ossewa, bewaring van hout en van die wa, leesstof gaan beskikbaar wees, en ons gaan self skouer aan die wiel sit. Kom in ou klere met handskoene en geniet 'n ligte ete.* Kontak ds De Bruin by 082 733 3951 of **careljohann@gmail.com** vir meer inligting.



Prop Hanri Reichel

- Die Museum wil graag 'n **losstaande kapstok** hê, en **benodig ook 'n borg** vir 'n nuwe geraamde plakkaat oor geestelike leiers tydens die Groot Trek. Kontak ds De Bruin by 082 733 3951 of **careljohann@gmail.com** as jy kan help.

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Julie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 30 Junie: Ds JC (Koos) Jansen van Rensburg (78) (emeritus)
  - Saterdag 1 Julie: Ds MM (Marlize) Gasson (41) (Benoryn)
  - Sondag 2 Julie: Dr MJ (Martin) Jansen van Rensburg (56) (Delmas)
  - Maandag 3 Julie: Ds PW (Waldo) Pretorius (28) (Ventersdorp)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 10 Julie** bereik **vir 21 Julie** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Etienne Fourie

- **Prop H (Hanri) Reichel** (beroepafwagtend) het 'n beroep ontvang na Van Warmelo (deeltyds). Sy het die beroep aanvaar en word op 23 Julie daar bevestig.

- **Ds EG (Etienne) Fourie** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Benoryn (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar en word op 16 Julie daar bevestig.



Ds Gerrit-Daan van der Merwe

- **Ds G (Gerrit-Daan) van der Merwe** word vanaf 30 Junie 2023 met behoud van ampsvoorreg losgemaak van Gemeente Strand. Hy gaan met studieverlof kragtens paragraaf 2.1(iii) van die Verlofreglement, en is nie beroepbaar nie.

- **Prof WA (Wim) Dreyer** aanvaar op 1 November 2023 emeritaat.



Prof Wim Dreyer

- **Ds RJ (Rudi) Rust** word op 31 Julie 2023 losgemaak van gemeentes Vaalpark en Vanderbijlpark-Oos, met behoud van ampsvoorreg.

- **Ds PS (Petrus) Dreyer** is as predikant van Gemeente Bunbury in die Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië (GEKA) bevestig. Hy is dus nie langer lidmaat en predikant van die NHKA nie.

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente van der Hoff.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul.

  **Gemeente:** Van der Hoff openbaar 'n kopspiritualiteit; dit wil sê, die gemeente ervaar God deur hul intellek, rede en geloofsoortuiging. Daarteenoor het die meerderheid lidmate 'n hartspiritualiteit by hulself geëvalueer; dit wil sê, die lidmate ervaar God deur hul emosies, warmte, en persoonlike verhoudings. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op 'n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 90 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 497 belydende lidmate en 141 dooplidmate is 42 jaar. Van der Hoff funksioneer as 'n pastorale gemeente.



Ds Rudi Rust

  Die gemeente se kerkgebou is in Groblersdal (hv Cheetah- en Springbokstraat). Die pastorie is op dieselfde terrein as die kerkgebou. Die lidmate woon in en om die dorp. Kontak met die lidmate en huisbesoek is baie belangrik.

  Pligte soos in die Kerkorde, moet uitgevoer word. Die riglyne vir 'n volversorgde standplaas, soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum, word gevolg.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.



Ds Petrus Dreyer

  **Aansoeke sluit op 30 Junie 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV wat 'n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Met ontvangs van die CV sal

’n vraelys aan u gestuur word. Die vraelys moet eerlik en sorgvuldig ingevul word. Alle korrespondensie word aan die skriba, Johan Lindeque, gerig (082 567 2577 / **johanlind@absamail.co.za**). Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

- **Gemeente Philadelphia** het ’n vakature vir ’n **terreinbestuurder**. Die pos is vanaf 1 Junie 2023 beskikbaar. Belangstellendes kan ’n e-pos stuur aan dr Sanrie de Beer by **nhkphiladelphia@gmail.com**.



- **Gemeente Laer Suidkus** het twee preekpunte: op Port Shepstone en Port Edward. Vir die viering van die gemeente se **50-jarige bestaan**, het hulle op Vrydag 16 Junie ’n spitbraai en op 18 Junie ’n feestelike gesamentlike erediens in Port Shepstone gehou. Die tema van **ds Jacques Pieterse** se prediking was gasvryheid – een van die vrugte van die Gees, en ’n belangrike opdrag aan die kerk van Christus. **Ds Dawie en Jeanett Jacobs** het die spitbraai op 16 Junie namens die ring van Pietermaritzburg bygewoon, en **dr Wouter en Susan van Wyk** die feeserediens op Sondag 18 Junie namens die Kommissie van die AKV. **Op die foto** is dr Wouter van Wyk en ds Jacques Pieterse.

- **Ds Leon Janse van Rensburg van Gemeente Namibkus laat weet soos volg:** *In die verre weste waar die Namibwoestyn deur die Atlantiese Oseaan gestuit word, is ’n paar dapper Hervormers in ’n gemeente wat skaars 200 lidmate het.* ***Gemeente Namibkus*** *het vyf jaar gelede in geloof ’n bouprojek aangepak om die gemeente se derde kerkgebou op te rig! Die eerste kerkgebou is in 1984 in Walvisbaai voltooi en in 2010 die tweede kerk in Hentiesbaai. Met groot dankbaarheid en eervolle erkenning aan die Here van ons Kerk, word die gemeente se derde kerkgebou in Swakopmund ingewy op 2 Julie 2023, die gemeente se 40ste verjaardag.*

## ’n Gedig

**Chat GPT**

Jy spoeg woorde oor die skerm
Jy sê vir my daar is seekoeie in die see
Jy maak woorde op soos “watpaaie”
Jy maak spelfoute en ek krimp ineen
Jy bou metafore wat my laat verstik
Jy gee antwoorde en verduidelikings
Jy maak die wêreld slim en dom
Jy verander ons doen, ons denke
Jy word ’n afgod, ’n god aanlyn
Jy breek reëls asof ’n tiener
Jy veroorsaak intellektuele aardskuddings
Jy, mensgemaakte kennis-masjien
Jy, brein binne-in kuberruim
Jy, met jou kunsmatige intelligensie
Jy kom lê nuwe grense om ons heen
Jy vertel my jy is die nuwe wêreldorde
Jy, robot, tot die dood ons skei

**Carla Botha**
(LitNet 23 Maart 2023)

## Kerklike publikasies




- Die **2022-uitgawe van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie*** (*THT*) handel oor **Hervormde Kerkreg**. Die outeur is **dr Barry van Wyk** (emeritus/Warmbad). Die volledige pdf sal binne die volgende paar dae op die Kerk se webblad beskikbaar wees. Die uitgawe word ook as ’n boek gedruk en kan teen R120 per eksemplaar (versending uitgesluit) bestel word van mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za**.

## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; en Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word.

- **Society of Biblical Literature (SBL): Internasionale kongres**
  **Universiteit van Pretoria: 3-7 Julie 2023**
  Die Departemente van Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte, en Nuwe Testament en Verwante Literatuur (Fakulteit Teologie en Religie), bied hierdie jaar die internasionale kongres van die Society of Biblical Literature (SBL) op die UP-kampus aan. Die Departement van Antieke en Moderne Tale (Fakulteit Geesteswetenskappe) is mede-gasheer van die byeenkoms.

  Hierdie sal slegs die tweede keer in die geskiedenis van die SBL as 'n internasionale vak-vereniging wees dat die kongres in Suid-Afrika aangebied word. Die eerste SBL-kongres in Afrika is in 1999 op die kampus van die Universiteit van Kaapstad (UCT) gehou, en UP het nou die voorreg om gasheer te wees vir 'n kongres van hierdie statuur. 'n Verwagte getal van 300 nasionale en internasionale akademici gaan dit bywoon en vanuit hulle onderskeie vakgebiede referate aanbied. Die Society of Biblical Literature (SBL), gestig in 1880, is 'n nie-winsgewende organisasie met 'n internasionale lidmaatskap van mense wat belangstel in die Bybelse, religieuse, en teologiese vakgebiede. Die missie van hierdie vakvereniging is om die Bybelwetenskappe te bevorder.

  U word hartlik uitgenooi om te registreer vir hierdie kongres en dit op die Hatfield-kampus van UP by te woon.

  Navrae: Mnr Fanie Fourie (**fouriefanie01@gmail.com**)

  SBL-webblad: **https://www.sbl-site.org/**
  International Meeting: **https://www.sbl-site.org/meetings/Internationalmeeting.aspx**

  Aanlyn programboek:
  **https://www.sbl-site.org/meetings/Congresses_ProgramBook.aspx?MeetingId=42**
  [Klik op die soekfunksie om die volledige programboek te kry]

- **Akademia** se eerste jaarlikse **Teologie- en Filosofie-konferensie** vind van **Donderdag 13 tot Saterdag 15 Julie 2023** plaas, daagliks van 08:00 tot 21:00, by Koningprotea en Hemingways, Leriba, Endstraat 245, Clubview, Centurion. Rig navrae aan dr Daniël Maritz by **danielm@akademia.ac.za**.



- **Kerkargief-konferensie: Woensdag 23 Augustus 2023**
  **NGK Vrystaat in Bloemfontein**
  Oor enkele van ons kerkfamilie se mees historiese dokumente
  Ouditorium van Oorlogsmuseum in Bloemfontein
  R250 per persoon
  Met proff Erik de Boer, Dolf Britz, Johann Rossouw en Lindi Koorts
  Drr Jurie van Wyk, Gideon van der Watt, Francois Smith en ds Jan Lubbe
  Registreer by Helena Smit 051 406 6725 / **argief@ngkvs.co.za**
  Navrae: Ds Jan Lubbe 082 784 9362 / **janlubbe1964@gmail.com**

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Ds Gerhard Stoltz,** Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, het in 'n onlangse omsendskrywe oor die vloede in die Wes-Kaap soos volg versoek: *Ons, as gelowiges en lidmate van die NHKA, wil ons meelewing betuig met die slagoffers van die vloede. Ons vra ook voorbidding vir almal wie se lewens deur hierdie natuurramp geraak, ontwrig, of verwoes is. Hiermee ook 'n uitnodiging aan al die gemeentes wie se gemeenskappe deur die vloede getref is. Die ADV Kommissie, namens die NHKA, wil graag julle diakonale werk vanuit die Rampfonds steun. Kontak my gerus by* **gerhard@diakens.co.za** *as ons julle kan help om die slagoffers van die ramp by te staan.*

- **Ons Tuis (NWO)** beskik tans oor 'n **vakature** vir 'n **Finansiële Beampte**.

  **Posvereistes**
  Die doel van die pos is om die finansiële bestuurder by te staan met take soos die verwerking en foutopsporing van verskeie rekeninge en transaksies.

  **Vereiste vaardighede**
  - Sterk leierskapeienskappe en vermoë om onder druk te funksioneer.
  - Uitstekende interpersoonlike en kommunikasievaardighede.
  - Uitstaande menseverhoudings.
  - Goeie organisasie-, tydbeplannings- en oordeelsvermoë.
  - Tweetalig in Afrikaans en Engels.
  - Probleemoplossingsanalise en -oordeel.

  **Sleutelverantwoordelikhede**
  - Hulp met betalings in ooreenstemming met die vereiste kontroles en regulasies.
  - Datavaslegging van die vorige maand se transaksies.
  - *Ad hoc*-ondersteuning aan die finansiële bestuurder wanneer nodig.
  - Verseker dat alle relevante joernale maandeliks verwerk word.
  - Verseker dat akkurate maandelikse bestuursrekeninge voorberei word en aan die onderskeie belanghebbendes voorgelê word, asook hulp met die rekeninge.
  - Maandeinde verslagdoening.
  - Rekeningpligtige verwerking en rekonsiliasies.
  - Debiteureverwerking en rekonsiliasies.
  - Kasboekverwerking en rekonsiliasies.
  - Daaglikse opdatering van kliënte se betalings.

- ○ Aandag aan en oplossing van kliëntenavrae.
- ○ Stuur maandelikse state aan kliënte.
- ○ Byvoeging van krediteure en verwerking van betalings op internetbankfasiliteit.
- ○ Maandelikse grootboekverslae (rekeninge betaalbaar en ontvangbaar).

**Kwalifikasies**

- ○ Relevante kwalifikasie in Boekhou/Rekeningkunde.
- ○ Finansies-ondervinding van twee tot vyf jaar.
- ○ Rekenaarvaardighede en kennis van gerekenariseerde rekeningkundige pakkette en ander sagteware (MS Office, Excel, Pastel Evolution, Zero).
- ○ Ondervinding in die NRO-sektor sal 'n aanbeveling wees.
- ○ Indieptekennis van relevante wetgewing.
- ○ Rekenaargeletterdheid.

Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Stuur CV aan Gerald van Rensburg by **hf@otmt.org**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 Junie 2023.** Indien u geen terugvoer binne twee weke ontvang nie, beteken dit dat u nie suksesvol was met u aansoek nie.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit enkel-, eenslaapkamer-, 1½-slaapkamer- en tweeslaapkamerwoonstelle. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 / 083 308 0520 vir meer inligting en pryse.



## Fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeestpoort (Brits): Bergfietswedren 5 Augustus**
  Keuse van 3 afstande: 36 km, 91 km,156 km
  Plek: Brits-vliegveld
  Tyd: Begin om 07:00
  Aanlyn inskrywings kan gedoen word
  As voor 30 Junie ingeskryf word, is die inskrywings R100 goedkoper
  Tydhouers van buite af en kontantpryse
  **Navrae:**
  Ds Corlien van der Merwe 083 654 8154
  Eliska by Hartebeestpoort-kerkkantoor 012 252 4315
  Michiel Ras 072 605 1393
  Mias van der Merwe 083 320 2466
  **Webwerf vir meer inligting en inskrywings:**
  **https://bosveldmtb.nhkhartebeestpoort.org.za/**
  Ook onder "Bike Hub"
  Of soek op webwerf vir "Bosveldmtb"

- Ondersteun **Rata Maatskaplike Dienste se Gholfdag** op **Dinsdag 22 Augustus 2023** ten bate van **kinderbeskerming**.

  - Pryse vir ons dapper spelers – erkenning word aan alle donateurs op ons webblad gegee.
  - Skryf 'n span in.
  - Borg 'n putjie.
  - Borg 'n sorgpakkie vir kinders of vir babas wat verwyder word uit haglike omstandighede en tydelik in veilige bewaring geplaas word.

  Rata Maatskaplike Dienste is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoos voort om kinders uit moeilike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die moeisame pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste daarvan beloop ongeveer R10 000 per jaar per kind. Rata help elke jaar meer as 1 000 kinders wat in omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel vasgevang is.

  Stuur 'n WhatsApp na 064 437 5997 met die woord **Gholfdag** en u naam vir meer inligting.

- Daar is 'n **geleentheid vir 'n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. 'n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by **072 737 3644**.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Hemelse Vader,
ek vra dat U deur my huis sal beweeg,
en dat U al my bekommernisse en enige ongesteldhede,
enige bedruktheid en smart
sal wegneem.
Waak oor my gesin en my familie,
bewaar hulle, Heer.
Bring kalmte en stilte waar daar chaos is,
en lig waar daar duisternis is.
Vestig liefde in ons harte.
In Jesus se Naam.
Amen.

(Barbara A Griffin)

pixels.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk